Chairman's Report: 2017 – 2018

An overview by Mr. Guillau du Toit, National Chairman, National Woolgrowers' Association of SA (NWGA)

Delivered at the National Congress on 13 June 2018

Geagte voorsitter, Mnre Wessel Lemmer en Jannie Putter, Silwer ram ontvanger, Mnr

Machiel Odendaal, pryswenners, gaste, personeel, borge en kongres.

Ek wil u een en almal bedank vir die vertroue wat u in my en die bestuur gestel het om die afgelope jaar leiding in ons organisasie te neem. Ek verklaar vanoggend onomwonde dat ons onder die heerskappy van ons Vader, deur Sy Seun, Jesus, leef en die NWKV onder Sy leiding bestuur. Ons dien in afhanklikheid van Hom wat ons van wysheid en krag voorsien. Daarom alle eer aan ons Drie-enige God vir die verslag van die 2017/18 jaar.Ek wil graag vanjaar se verslag anders aanbied, deur deurlopend na die belangrike taak van ons produsente-organisasie te verwys.

By verskeie geleenthede hoor ons steeds die vraag: "Hoekom 'n produsente-organisasie enhoekom moet ek, as produsent, daaraan behoort? Wys vir my die voordele om te behoort."Die eerste aspek wat ek wil uitlig is dat die produsent die fondasie van die wolbedryf in SA is. Dit pas aan by die tema van ons kongres, boustene tot sukses. Soos ons handleiding, die Woord van God dit beskryf – As die fondasie nie reg gebou is nie, tevergeefs die wat verder daarop bou. Daarom is ons produsente van kardinale belang om die fondasie reg te begin en verder daarop te bou. Dit word gedoen d.m.v verskeie insette op verskeie gebiede van die bedryf. Dit bring my by die betrokkenheid van ons organisasie.

- Ons is deel van Agri SA as algemene been wat algemene sake van die landbouer hanteer.
- Deel van die Animal Health Forum om insette te gee en standaarde te stel ten opsigte van biosekuriteit en dieregesondheid. Ons lewer 'n bydrae tot die kwaliteitstandaarde en beskikbaarheid van entstowwe.
  Dis tog van kardinale belang vir ons bedryf wat uitvoer, en blootgestel is aan wêreldhandel en regulasies.
- Ons vorm deel en is betrokke by Veediefstal-forums wat belangrike aksies van stapel stuur om die euwel hok te slaan.
- Dien op die Subsektorkomitee vir vesel van Agriseta, ten einde opleidingsbehoeftes van die sektor ter tafel te lê en om toe te sien dat opleidingsstandaarde gehandhaaf word om die bedryf vorentoe te neem. Hierby sluit ons skeeropleiding in wat die grondslag van 'n goed geklasseerde skeersel en produk verseker.
- Deel van die Navorsingskomitee om toe te sien dat relevante navorsing gedoen word wat die produsent in besluitneming tot optimale produksie, kan help.
- Deurlopende skakeling met die regering en finansieringsinstansies om infrastruktuur en kuddeverbetering in die kommunale gebied te doen en sodoende 'n beter bemarkbare produk in die opemark te verkoop.

- Ons vorm deel van CW Raad van Direkteure om bedryfssamewerking, gesamentlike doelwitte vir die Suid-Afrikaanse bedryf, promosie en vele meer te beredeneer en stimuleer.
- Die NWKV bestuur die Predasiebestuursforum (PMF) en spandeer tyd en eie fondse saam met ander bedrywe om predasie in SA te bekamp en te beheer. Ons lewer insette en dring aan op goedgekeurde bestuursplanne ten opsigte van predasiebestuur in die veel besproke SKA gebied.
- Ons vorm deel van die Woltoetsburo wat ‘n belangrike funksie t.o.v die toets van wol vervul om relevant en kompeterend in die wêreld te wees.
- Ons het sitting op die Woltrust wat bepalend is vir die goeie bestuur vanTrustfondse.
- Deelname aan drukgroepe om hidrobreking (‘fracking’) en voortsetting van Uraanontginning in die Karoo te verhoed.
- Die CW produksie-adviesdiens is binne die NWKV gesetel en word gebruik om leemtes op boerderyvlak aan te spreek, tekortkominge uit te wys, winsgrens te verhoog, bewusmaking te doen en om goeie praktyke te vestig. Hierdie aksies spoel oor na onbetrokke deelnemers volgens die sukses en op die beginsel van ‘n goeie voorligtingsdiens.

Voorsitter, dis waarmee ons die afgelope jaar besig was. Maar wat is die kruks van die saak? Alles wat ek nou opgenoem het, is nasionale bedinging in nasionale belang! Ongelukkig kan ek nie vanoggend sê dat dit is wat ons vir ons opbetaalde lede beding het nie. Wat ek wel kan sê, is dat ons die inspraak gebruik om op elke moontlike produksie terrein, politieke terrein en organasitoriese terrein, die beste vir die nasionale wolprodusent te beding, of jy lid is of nie.

Nou wil ek die vraag omkeer en ongelukkig nou vir die verkeerde gehoor!

Wat doen u as produsent om hierdie aksies te ondersteun waarvan u die voordeel trek of u lid is of nie. Daarom wil ek elkeen wat ‘n lid is en die afgelope jaar ‘n bydrae gemaak het om die NWKV en sy aksies te ondersteun, hartlik bedank. U maak ‘n verskil en dis u plig om hierdie boodskap uit te dra aan onbetrokke produsente wat steeds wonder waarom die NWKV bestaan.

Ek wil ‘n paar van die genoemde aksies uitlig en daarop uitbrei -

Production Advisory services:

The NWGA is the service provider to implement Cape Wools SA’s (CWSA) production advisory services on contract. Currently, CWSA is investigating how this service can be rendered more effectively, cost effective and relevant to the new generation farmer.
The NWGA welcomes this approach.

The world, technology and business are moving at a speed, and if we are not preparing moving with – **we are going to stay behind**. The NWGA is open to change, improvement and renewal, as long as it benefits the wool producer of SA.

I would like to highlight only the following 3 services:

1. **Ekonomiese dienste**

   Ekonomiese ontledingsdienste is in ons 'toolbox' om goeie praktyke te identifiseer en tekortkominge in boerderypraktyke aan te spreek. Hoewel die diens beperkend gebruik word, spoel aksies van suksesvolle kandidate oor na nie-gebruikers in bepaalde areas. Ons behoefte is om 'n voltydse ekonoom aan te stel om vele onverwerkte data in bruikbare inligting te omskep, maar weens 'n gebrek aan fondse bly dit buite ons bereik.

   Ek wil graag my dank teenoor Dr Louis du Pisani uitspreek vir uitmuntende werk onder groot druk in die verband.

2. **Reproduksie modules**

   Die nuwe reproduksie modules is tans in groot aanvraag vanweë die praktiese waarde en relevansie daarvan. Ons is vol vertroue dat hierdie aksie die regte rigting inslaan en as voorbeeld sal dien vir 'n nuwe produksie-adviesdiens kontrak van CW.

3. **Omskakelingsprogramme**

   Die ontwikkeling van omskakelingsprogramme wat duidelike scenarios skets van omskakeling van vleis- na wolskaap en aksies met inaggenome finansiële implikasies, behoort groot waarde toe te voeg tot produsente wat daardie pad oorweeg.

   Suksesvolle aksies wat tans geloods word om stukrag aan die produsent te verleen ten einde die visie van die industrie van meer wol te bevorder.

   Dr Louis du Pisani met sy span kommersiële en kommunale PA's verdien spesiale vermelding en is 'n voorbeeld van boublokke tot sukses.

Communal areas

Some things still remain incomprehensible ... The book, Ecclesiastes, says: "Nothing under the sun is new ..." But the following is shockingly new to me: The termination of funding for the genetic improvement program by Dept Rural Development and Land Reform! Government Departments can show little success for money spent, of which Vrede Milk Farm is a typical example.

The funding of the Genetic Improvement Program, in short referred to as the Ram Project, which has been proclaimed over time as the success story in various budget speeches in parliament, Departmental Committees and political platforms, has now suddenly been terminated, after Leon's office already started 2 years and 8 months ago to negotiate the continuation of the current 5 year contract.

This means the loss of about 3 000 excellent genetic rams to potentially mate with 100 000 communal ewes per year in the communal areas and overall a loss of confidence in the Government as partner. Furthermore it is frustrating to try to negotiate with officials in the Agricultural Department who have no experience of the agricultural business. Political interference into the duties and responsibilities of departmental heads also seems to make management and decision making in these positions almost impossible. Ongoing change of core and senior management staff make it very difficult for follow up discussions and ensure continuity.

The lines are still in the water and we hope for some better deal from elsewhere before the end of June. Government red tape is failing the beneficiaries of the wool sheep development program and I would sincerely like to thank the breeders who, in the midst of great uncertainty and in good faith, postponed any drastic decisions until the end of June.

This project is a true reflection of commercial and emerging producers working together, one of the cornerstone principles in the budget speech of Agriculture and it is time that Government practice what they preach!

Meanwhile, we are continuing improving infrastructure.

Our sincere appreciation to all the support from various organizations to our development program, including Wes Bank, Land Bank, AgriSETA, Zoetis, Intsika Yethu Municipality, Chris Hani District Municipality and Bayer.

Associated with infrastructure is training. A hearty thank you to the Wool Trust and CW for thefunding of six production advisors after the Eastern Cape department decided to discontinue the partnership of seconded Extension Officers to the NWGA.

In the meantime, Mr Mbatsha has been promoted to the position of Manager: Training and Development in communal areas. Your promotion is a reward for hard work and perseverance. The reports are showing that you are serving your clients with distinction. Mr Mbatsha also completed his B.Tech degree last year. Congratulations!

Wol SA

Na 20 jaar het dit tyd geword om die strydbyle te begrawe. Onmin tussen wolprodusente is soos ‘n vasgemaakte briek. Ons is almal mense met bepaalde denkrigtings, uniek geskape. Die NWKV reik uit na alle produsente om die bedryf vorentoe te neem. Ek glo ons verskille is klein teenoor die vele aspekte waaroor ons wel saamstem. Ons is almal boere met ‘n gemeenskaplike doel, maar die “hoe” om die doel te bereik is dikwels verskillend. Ons het mekaar egter nodig om denke te stimuleer en eerder op die positiewe te konsentreer. Ek haat negatiwiteit, maar respekteer realisme en opregtheid. En dis in daardie gees wat ons gesprekke aan die gang gekry het en poog om daarop voort te bou.

Predasie

Predasie is deur die Lightstone verslag uitgewys as een van die grootste knelpunte. Daarom is ons ernstig om deur middel van opleiding en gesamentlike PMF aksies alles in die stryd te werp om ons produsente te bemagtig.

Ek haal graag hierdie kernpunt aan uit Niel se verslag van sy onlangse toer na Amerika:

“Predasie is soos ‘n Boerderyvertakking: Bestuur hierdie vertakking van jou boerdery met dieselfde hoeveelheid kennis, tyd en deurnis - net so goed soos die res van al jou boerderyvertakkings. Jou voetspoor op die grond is wat die verskil maak”

Daarom sal u verstaan dat die bestuur van die NWKV vanuit ‘n onderdrukte begroting, voorkeur gee aan projekte waarby die produsent direkte voordeel kan trek. Na ‘n jaar van befondsing aan die PMIC sien die NWKV as ‘n rolspeler in die PMF, nie sy weg oop om hierdie sentrum vir die komende jaar te befonds nie. Geld gespandeer teenoor waarde vir die produsent klop net eenvoudig nie en vandaar die besluit.

Nasionale Forums

Ek is bekommerd oor die feit dat dit lyk of die huidige forums herstruktueer tot nuwe struktureom op hul eie te funksioneer teen ‘n al groterwordende koste. Hierdie strukture moet opnuut befonds word en kan lei tot monsters wat deur produsente befonds moet word. Laat ons hand in eie boesem steek en die taak vervul wat aan ons toevertrou word met gesonde bestuur en beheer.

Biosekuriteit

Met die geïsoleerde uitbraak van Slenkdal die afgelope seisoen, waarsku ons produsente om voorsorg te tref teen uitbrake in die komende seisoen. Een onverantwoordelike persoon kan ‘n totale distrik onder kwarantein plaas. Gaan terug na u distrikte en organiseer gesamentlike entings om die risiko te verlaag. Bestel nou reeds u entsof teen Slenkdalkoors Dis elkeen se afsonderlike verantwoordelikheid ten koste of tot voordeel van ons wolbedryf.

Daar is beluit op die instelling van verhandelings verklaring by verkope van skaap. Na my wete word dit nog swak geimplimenteer. Ek doen weereens ‘n beroep op makelaars en telersgenootskappe om toe te sien dat hierdie praktyk uitgevoer word.

Waghond

NWKV bly die waghond van aksies, organisasies en besighede waarby ons betrokke is. Ons onafhanklikheid bly steeds die gewensde om ‘n wakende oog oor die bedryf te hou. Dit sluit prysvorming, kwaliteitsbeheer en gesonde markkragte in.

Finansies

Met uiterste finansiële dissipline en besparings deur personeel en bestuur kan ons weereens die jaar sonder ‘n tekort afsluit. Ons opregte dank aan al ons borge en ‘n simpatieke oor van CW. Die nakoming van finansiële verpligtinge van elke provinsie word hoog op prys gestel Spanwerk was weereens die deurslag tot sukses.

Bedryfs ontwikkelingsfonds

Die skepping van so ‘n fonds, deur produsente gefinansier, is die afgelope jaar suksesvol gedebateer. Hoofsaaklik om skeeropleiding en die instandhouding van predasie moniterings plase te diens volgens ons standaarde riglyne. Verdere besluite sal tydens hierdie kongres geneem word waarna onderhandelings met SAWAMBA voortgesit sal word.

Woolmarket

According to the statistics of CW, the wool market ended this season on an all-time record high and closed at a value of R211,99 (clean), a 12,9% increase since opening, with a total of just exceeding the 49 million kg mark.

A decline of round about 3 million kg for the past season. If we take the extreme drought of the past seasons in account, I still think it was a brilliant performance by the SA producer.
It was man against nature! These good prices were also an outcome for drought affected livestock farmers.

According to Mr Chris Wilcox, Excecutive Director of the National Council of Wool Selling Brokers of Australia, this is another super cycle of the Wool Industry. The last cycle was in the1980"s and did not last very long. This one is by far the longest super cycle and has already lasted for more than 26 months. Although shorter shearing intervals contribute to a better cash flow and excellent management, it is our duty to warn you to keep track of demand and supply of lengths. The demand for 70 mm wool is still increasing and the price as well. Be informed on where to make the most money within your management plan.

We must carefully take note of the following: Slide 13

With reference to the clip fault reports of the past season, there were

- a decrease in mixed lengths;
- a slightly increase of baling twine contamination, after a decrease in the previous season – I think because of the drought and many feedlots; and
- an increase in black hair and kemp that might be the result of cross breeding.

Through our system of production advisers, brokers, breeder associations and every executive member, we have the responsibility to convey the message -

> "To maintain healthy sheep with quality wool, good classing standards free from cross breeding and contamination to stay a world class player."

<u>Bedanking</u>

Baie dankie aan 'n uiters ondersteunende en deelnemende dagbestuur. Spesiale dank aan Herman, SK en Leon vir onverbeterlike spanwerk. Leon, jou toegewydheid en ondersteuning spreek boekdele! 'n Groot dank aan jou hele span - almal in die Nasionale kantoor tot op provinsiale vlak .

It is important to use the results of the past year as a stepping stone for the coming year. Therefore we interviewed 3 different buyers to give us as producer's guidelines what to concentrate on for the next season.

In conclusion,

The building of our organization does not have a roof to limit us. This is an open building and the sky is our limit. Let's use every building block and stepping stone to reach for the stars.

Enjoy our congress!

I thank you.

Slide 13



Source: Cape Wools SA